LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 25/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Is jy trots?

Trots is iets wat ons in vandag se tyd moeilik verstaan. Ons leer tog ons kinders om trots te wees op hulself wanneer hulle hulle werkies mooi gedoen het. As ons kinders vir ander omgee en goed doen, is ons as ouers trots op hulle. Daar kan sekerlik niks fout hiermee wees nie? Dit is waar, daar is niks fout daarmee nie. Daar is egter 'n baie fyn lyn tussen trots en hoogmoed. Waarom is Satan uit die Hemel gewerp? Hoogmoed, hy wou God se plek inneem, hy wou soos God wees. “Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.” - Matt 5:3. Die gevaar kom wanneer ons nie meer God se almag erken nie. Wanneer ons onsself bo God wil stel. Hierdie verkeerde trots skep dan afstand tussen ons en God. Hierdie selfde trots skep ook afstand en verdeeldheid tussen mense omrede ek myself hoër ag as ander. Ons moet onsself afvra, dien ons God in dit wat ons doen? Ontvang God die eer of gaan dit net oor myself en hoe ek vertoon tussen ander? Laat ons vandag onthou. Dit is goed om trots op onsself en ons geliefdes te wees as hulle goed presteer na harde werk, maar ons mag nie vergeet dit is God wat daardie gawe skenk.

## Week se Program

### 18 Augustus 2025

- **Redenaars Con Spirito Finaal Graad 3**
- **Tennisliga te LS Secunda**
- **Krieket o/9 vs LS Marietjie van Niekerk**

### 19 Augustus 2025

- **Krieket vs LS Klipfontein o/10 (Tuis), o/11 (Weg)**
- **Redenaars Con Spirito Finaal Graad 4**

### 20 Augustus 2025

- **Mini-Krieket vs LS Secunda (Tuis)**
- **Redenaars Con Spirito Finaal Graad 5**
- **Hoëveldgroep Tennis te LS Standerton**

### 21 Augustus 2025

- **Hokkieliga o/10 tot o/13 D vs LS Kruinpark (Weg)**
- **Krieket vs LS Klipfontein o/12 (Tuis), o/13 (Weg)**

### 22 Augustus 2025

- **Hokkieliga o/10 tot o/13 S vs Highveld Ridge Primary te HS Oosterland**
- **Mini-Krieket vs LS Secunda**

### 23 Augustus 2025

- **Bergfiets TWK te Ligbron**
- **Mini-Hokkie o/7 tot o/9 S & D te LS Trichardt**
- **Landloop Noordvaal te Zwartkop**
- **Redenaars Con Spirito Finaal Graad 6**
- **Goedes July**

### 28 tot 30 Augustus 2025

- **Artistatue Redenaars Finaal**

## Goegieland

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het aan ons "Funky" Hoede-dag op 15 Augustus 2025. Die kreatiwiteit en kleurvolle hoede het ons dag sommer opgevrolik!

**20 Augustus 2025 - “Ultimate Pure Venom”-Instappie**

Ons het 'n spesiale besoek by die skool waar ons maatjies op 'n veilige en opvoedkundige manier, meer gaan leer oor verskillende reptiele en slange. Vul asseblief die Google-vorm (wat op die klasgroepe gedeel is) in. Dit dien as toestemming vir deelname. Hierdie moet asseblief teen Dinsdag, 19 Augustus 2025 voltooi word.

**22 Augustus 2025 - Oom Karoolus & Lente Poppekas-uitstappie**

Ons sien uit na 'n lekker uitstappie na NG Gemeente Goedehoop. Maak asseblief seker dat betaling en die Google-vorm voltooi word. Die skakel moet asseblief voltooi wees teen Donderdag, 21 Augustus 2025.

**5 September 2025 - Loslitdag (Ten bate van Marietjie Skool)**

Ons ondersteun jaarliks die Marietjie-skool deur aan Loslitdag deel te neem. Plakkers is beskikbaar by die klasonderwysers teen R20 elk.

**10 & 11 September 2025 - Skoolgereedheidstoetse**

Skoolgereedheidstoetse is nie verpligtend nie. Die juffrou sal met ouers in verbinding tree indien sy dink dit is nodig. Indien u egter self graag wil hê dat u kind getoets moet word, laat weet asseblief vir die juffrou om dit te reël.


Baie dankie vir u ondersteuning en samewerking. Ons waardeer dit opreg en sien uit na die res van die kwartaal vol leer en lag!

Groete uit Goegieland




# Akademiese Top 10 – 2de Kwartaal

## Graad 4






























## Graad 5































# Akademiese Top 10 – 2de Kwartaal

## Graad 6






























## Graad 7


























# Redenaars

Baie geluk aan die volgende raakpraters wat deurdring na die finale rondte van Artistatue wat plaasvind vanaf 28 tot 30 Augustus 2025. Ons is baie trots op julle!

Zuvan Joubert
Mianique van Zyl
Jana Steyn
Melandi Faber
Kaitlyn Shackleford
Daantjie Lesch
Leané Luddick
Waldt van Niekerk
Milan Zwarts




























# Dramaklub

Ons wens die volgende leerders baie sterke toe, wat 15 tot 29 Augustus 2025 deelneem aan die Con Spirito kompetisie se Nasionale Forte rondte. Ons weet dit sal goed gaan!

Evalt Vermaas - Gr R
Klara Meyer - Gr 1
Wessel Vermaas - Gr 3
Leané Luddick - Gr 6
Karlienke Norman - Gr 7

# Skaak

Baie geluk aan ons Skaak Dogterspan wat tydens die Govan Mbeki Toernooi op 8 Augustus 2025 3de geëindig het. Hulle dring deur na die Gert Sibande Toernooi.

Hailey Herbst
Sue-Ann J v Rensburg
Manny Neto
Melandie Faber
Lewanné Jonker
Calita Cornelissen




















Ons wens ook vir al die bordwenners geluk met hul uitstekende prestasies tydens die Govan Mbeki Toernooi.

Amé vd Westhuizen
Carter Brown
Anthony Herbst
Xavier Myburgh
Adolf Swart
















| 18 Aug | 19 Aug | 20 Aug | 21 Aug | 22 Aug | 23 Aug | 24 Aug |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaydrin Ferus | Billy Strydom<br>Juan v Zyl<br>Amelia Strydom | Zinia Thompson | Leané Becker<br>Pietro v Rooyen<br>Juandré Labuschagne | AJ Terry<br>Mackenzie v Greunen<br>Kayleigh Homan | Leané Luddick | Daniel Muller<br>Linay vd Walt |

# Bergfiets

"Niemand kan 'n beter jy, as jy wees nie!" Elke leerder wat Saterdag, 9 Augustus 2025 deelgeneem het aan die wedren te Hoërskool Lydenburg, moes dit op 'n stadium besef! Ons is so trots op elkeen se waagmoed en vasberadenheid, en om te wys wat in hul steek. Julle het beslis Goedehoop trots gemaak met julle houding van "ek kan, ek wil, en ek sal!" Ouers, dankie vir julle ondersteuning en samehorigheid langs die baan. Julle dra die leerders!

Baie geluk aan die volgende ryers wat in die Top 10 geëindig het:

**SUB-NIPPERS SEUNS (o/6 – o/8)**
Francois du Plessis - 8ste
**SUB-NIPPERS DOGTERS (o/6 – o/8)**
Ameja Dalgleish - 5de
**NIPPERS SEUNS (o/9 – o/10)**
Erik du Plessis - 9de
**SPROG SEUNS (o/11 – o/12)**
Sebastiaan Matthee - 8ste
**SPROG MEISIES (o/11 – o/12)**
Lumé Storm - 5de
Marisa Mouton - 8ste
**SUB-JUNIOR DOGTERS (o/13)**
Monique Phillips - 6de
















# Skaak

Woensdag, 13 Augustus 2025 het van ons skaakmaats aan die laaste vriendskaplike skaaktoernooi vir die jaar, by Laerskool Krielpark, deelgeneem. Die o/13-span eindig tweede vir die dag. Die o/9-span was almal bordwenners en hulle verower ook die eerste plek. Wel gedaan! So sluit ons die skaakseisoen af op 'n hoë noot.

**Bordwenners:**
Simon Mostert
Janco Cronje
Kian Vosloo
Handré Carstens
Tristan van Schalkwyk












Baie sterkte aan ons dogterspan wat Vrydag, 15 Augustus 2025 aan die volgende rondte van die skaakliga (Gert Sibande) gaan deelneem te LS Kruinpark. Ons weet ons Goedehopers gaan die regte skuiwe maak, want hulle kán!

# Hokkie

Maandag, 11 Augustus 2025 het die seuns hokkieliga teen LS JJ van der Merwe gespeel. Hulle uitslae is as volg:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| o/11 | - | Wen | - | 4 - 0 |
| o/11 | - | Verloor | - | 3 - 2 |
| o/12 | - | Verloor | - | 3 - 1 |
| o/13 | - | Verloor | - | 2 - 1 |

Spelers van die wedstryd was:
AJ van der Merwe (o/11)
Jason Stratford (o/11)
Tristan Landsberg (o/12)
Dian Pretorius (o/13)










Op Dinsdag, 12 Augustus 2025 het die dogters ligawedstryde teen LS Pionier gespeel. Hulle uitslae is as volg:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| o/11 | - | Verloor | - | 4 - 1 |
| o/12 | - | Verloor | - | 0 - 1 |
| o/13 | - | Verloor | - | 4 - 0 |

Spelers van die wedstryd was:
Alexa de Klerk (o/11)
Chloé Kleb (o/12)
Hanicka Schmidt (o/13)







# Mini-Hokkie

Ons mini-hokkie is uit die wegspringblokke en ons maats het Saterdag sommer goeie hokkie gespeel by Kruinpark se mini-hokkiedag. Ons is opgewonde oor die hokkie-seisoen en sien sommer groot talent aan die ontwikkel! Kom ons gee ons beste en oefen lekker hard...onthou: "Practise makes perfect!"

# Mini-Tennis

Ons is opgewonde oor ons Mini-Tennisseisoen wat op Dinsdag, 2 September 2025 gaan begin. Dit is belangrik dat spelers tekkies en gewone klere moet aanhê en net 'n waterbottel, met water moet saambring. Die skool verskaf rakette en balle. Daar is Saterdag, 13 September 2025 'n Mini-Tennistoernooi by die Sasolklub vir alle Gr. 1- en Gr. 2-tennismaats. Laerskool Secunda bied die oggend aan (08:45 tot 11:00) teen R90.00 per speler. Dit sluit 'n roosterbroodjie, 'n koeldrank, 'n sertifikaat en 'n medalje in. Kom gee asseblief jou naam vir Juf. Beertjie (T19) indien jy belangstel hierin. 'n Briefie sal later volg met meer inligting.

# Krieket Gert Sibande

Baie geluk aan die volgende seuns wat gekies is om aan die finale Gert Sibande krieketproewe deel te neem wat plaasvind op Vrydag, 15 Augustus 2025.

**o/11**
Hanno Luwes
Stephan Koekemoer
HW Meyer
AJ van der Merwe
Clayton Schreuder

**o/12**
CJ Meyer
Zian Mocke
Alister Walters
Daantjie Lesch
Jayden van Aswegen

**o/13**
Armand Joubert
Euné Toerien
Edmund Ferreira
Derick Botes
Heath Bemelman




# Krieketliga

Die week se ligawedstryde se uitslae is as volg:
Die o/9-krieketspan verloor teen Laerskool JJ van der Merwe met 9 paaltjies. Die o/10's verloor met 6 paaltjies teen Laerskool Taalfees. Met die ligawedstryde teen Laerskool Taalfees wen die o/11-krieketspan met 4 paaltjies, die o/12's wen met 8 paaltjies en die o/13's wen met 9 paaltjies. Ons is trots op die volgende spelers met hul uitstekende prestasie tydens hul wedstryde!
Daantjie Lesch slaan 60 van 43 balle nie uit nie.
CJ Meyer boul 5 beurte en neem 6 paaltjies vir 19 lopies.
Derick Botes slaan 51 lopies van 18 balle nie uit nie.




LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr. Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**